**Maandelikse gemeentebrief Augustus 2020**
**Ds Kobus Sandenbergh**

**"Ek mis die..."**

Ek geniet nogal Jac de Priester se TV-program: "Reis na Gister". Daar reis hy saam met bekende mense terug na hul geboortedorpe, skole en ander plekke wat ’n invloed op hul lewens gehad het. Elkeen van ons word gevorm deur die plekke, mense en omstandighede waarin en waarmee ons opgroei. Soms laat ons plekke agter om nuwe wêrelde te ontdek, maar die invloed en waardes bly. In die grendeltyd weet ek dat elkeen van ons ook, al is dit net in ons gedagtes, teruggereis het na wat was en wat nou belangrik is. Baie mense getuig ook dat NG Weltevreden ’n groot invloed op hulle geloofsvorming gehad het en steeds het.

Jac neem ook in een van sy eerste liedjies, wat baie van ons as die Sally Williams liedjie onthou, op ’n nostalgiese noot afskeid van ’n geliefde en gebruik dan dié woorde ...

Ek mis ... die Dinsdagaand movies in die Brooklyn Mall,
Ek mis ... die koffie met die skuim op en natuurlik,
Ek mis ... die Sally Williams nougat ...

Dit is woorde wat ons ook in die grendeltyd baie hoor: Ek mis die ...
In my telefoongesprekke met kollegas en met julle as gemeentelede, is dit wat ek hoor:

Ons mis die:
... orrelspel in die kerk, die eredienste, die vrolikheid van die KiX en JonkX
... pannekoek se kaneelgeur en die boerewors-aroma wat met ’n basaar in die lug hang
... koffiereuk in die koffiewinkel en die saamkuier
... ons Bybelstudie groep, ons Silwerhoekie.
Elkeen van ons kan ons eie gemis daar byvoeg.
Ons mis dit werklik baie en die gemis is GROOT.

Ons preektema die afgelope maand uit die boek Handelinge het my weer daaraan laat dink: die dissipels moes Jesus ook baie gemis het. Sy aardse teenwoordigheid, sy leiding en lering. Hulle sou ook ná sy opstanding en hemelvaart, toe die vervolging van die kerk begin het, kon sê: Ons mis die openbare samekomste waar ons die brood kon breek, mekaar kon herinner aan die woorde van Jesus, saam die Here kon loof en aanbid. Tog het hulle maniere gevind om dit te doen. Veral na die verwoesting van die Tempel (70 n.C.) en die finale breuk met die Jodedom, was dit ook die einde van die wêreld soos hulle dit geken het.

Dit is juis uit dié omstandighede wat die kerk ontstaan het. Die wonder dat die Gees uit daardie chaos en onsekerheid ’n nuwe toekoms gebou het. Daarom kan ons ook in dié tyd aan die Here en Sy Woord vashou, om ons uit die onsekerheid en chaos tot ’n nuwe waardering te laat groei van hoe ons kerk kan wees, nou juis vir die tyd! Ons is nie net "kerk" as ons fisies saam is nie, maar waar ons is en beweeg, is ons "kerk" in aksie.

Die een vraag wat ons as leierspan gehelp het, is ’n variasie op die vraag waarmee ek begin het: Ek mis die ...
Die vraag lui so: As NG Weltevreden se deure permanent gesluit moet word, hoe sou die gemeenskap die vraag beantwoord oor wat hulle sou mis van NG Weltevreden?

Ons mis NG Weltevreden:
... vir sy hulp aan ons gesin in nood, toe Pa sy werk verloor het
... se kospakkieprojek
... se hulp by MES, Cradle of Hope, Roodepoort se Sentrum vir Bejaardes, VGK Mofolo, Baba Moses
... vir sy werk in Mosambiek
... vir sy werk deur Novo Futurum
... Was dit nie NG Weltevreden wat altyd met Mandela-dag so ’n besondere uitreik gehad het nie?

Gemeente, ons mis mekaar se sosiale interaksie en heilige oomblikke saam.
Ons is en bly deur geloof aan mekaar en die Here verbonde.
Saam maak ons Sy liefde en genade sigbaar.
Ons sien uit na die dae wanneer ons met ’n nuwe waardering vir fisies saamwees, ook weer saam met mekaar sal kan feesvier.

**Kobus Sandenbergh**